

LAC

UITGAVE 1

GRATIS

NIE MEER BANG NIE





Die Kindergetuie Beskerming Program is 'n projek van die Regshulpsentrum (LAC) se Regseenheid vir Vigs in vennootskap met Lifeline/Childline en die Peace Sentrum.

Hierdie stokiesverhaal is deur die Regseenheid vir Vigs van die Regshulpsentrum ontwikkel en uitgegee. Die stokiesverhaal mag gratis gekopieër word vir opvoedkundige doeleindes, solank die bron erken word.

Hierdie stokiesverhaal is moontlik gemaak deur die grootmoedige ondersteuning van die mense van Amerika vir die Amerikaanse Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAID) deur PACT Namibië. Die inhoud is die verantwoordelikheid van die Regshulpsentrum en weerspieël nie noodwendig die menings van USAID of die Amerikaanse Regering nie.

Illustrasies deur Jacob Shingenge
Uitleg deur ZILA Designs cc

Kauna is ontsteld. Sy is ongelukkig. Sy het 'n geheim. Sy
voel baie sleg. Sy besluit om met haar ma daaroor te praat.

MAMMA, EK WIL MET
MAMMA PRAAT OOR OOM
MANTUME. OOM IS 'N
SLEGTE MAN.

WAT HET GE-
BEUR?!



Haar oom het voorheen aan haar privaatdele geraak en het haar uiteindelijke verkrag.



Selfs al was jy lank terug verkrag, kan jy dit nogsteeds aanmeld. Die polisie sal jou bystaan en help om bewyse te versamel. Dis belangrik om te weet dat as jy verkrag is, jy jouself nie moet was nie omdat jy nog deur 'n dokter ondersoek gaan word.

Kauna het gehuil. Haar ma
het ook gehuil. Kauna se ma
was baie onsteld.

ALLES SAL BETER RAAK MY KIND. DIE
GEREG SAL ONS BESKERM. ONS SAL DIT
AAN DIE EENHEID VIR DIE BESKERMING
VAN VROUE EN KINDERS RAPPORTEER.

Die Women and Child Protection Unit (WACPU) is n plek waar jy geweld en die
mishandeling van vroue en kinders raporteer. As jy nie na WACPU toe gaan
nie, moet jy probeer om by die naaste polisie stasie te raporteer. Jy Kan ook die 116
(tolvry) skakel om te raporteer wat met jou gebeur het.

Kauna en haar ma het na die Eenheid vir die Beskerming van Vroue en Kinders gegaan.



Kauna het die polisie vertel dat haar oom haar verkrag het. Die polisiebeampte het na haar geluister n verklaring van haar geneem.



MEVROU, MAG EK KAUNA SE
GEBORTE SERTIFIKAAT SIEN?

DANKIE DAT U DIT GERAPPORTEER HET. EK
SAL DIE DOKTER SKAKEL. HY SAL N MED-
IESE ONDERSOEK DOEN EN DIE NODIGE
VORM INVUL. ONS SAL DIT GEBRUIK AS N
BEWYS.

MEVROU, SODRA U DAARMEE KLAAR IS, MOET U NA NDA-
PEWA GAAN. SY IS N KINDERGETUIE ONDERSTEUNINGS
BEAMPTTE. SY SAL U ONDERSTEUN MET WAT U HUIDIGLIK
DEURGAAN, TERWYL ONS DIE SAAK ONDERSOEK.

* As 'n kind nie dokumente het nie moet ouers of voogde hul dokumente bring.

Kauna se ma het haar toe na die Kindergetuie Ondersteunings beampte, Ndapewa, geneem. Ndapewa is 'n vriendelike persoon. Daar is Ondersteunings beamptes vir kinders in Windhoek, Rehoboth en Rundu.



WELKOM. MY NAAM IS NDAPEWA. EK IS 'N KINDERGETUIE ONDERSTEUNINGS BEAMPT. EK IS HIER OM JULLE TE HELP. MY WERK IS OM KAUNA TE HELP EN OM HAAR VOOR TE BEREI VIR DIE HOF. EK WEET DIT KAN 'N VREESAANJAENDE ERVARING WEES OM GETUIENIS TE LEWER. VOORBEREIDING VIR DIE HOF HET BAIE VOORDELE. EK SAL JY EN JOU MA GEDUREND DIE HOF PROSES ONDERSTEUN. DIE PROSES MAG MAANDE NEEM. EK SAL JULLE OP HOOGTE HOU OOR HOE DIE SAAK VORDER. EK KAN OOK REELINGS TREK DAT JY EN JOU MA DIE AANKLAER ONTMOET. EK SAL SAAM MET JULLE GAAN WANNEER JULLE HOF TOE GAAN. EKSAL HELP OM DIE HOF SE BESLUIT AAN JULLE TE VERDUIDELIK. EK WEET HIERDIE GAAN 'N LANG, MOEILIKE EN PYNVOLLE ERVARING VIR JOU WEES KAUNA... MAAR... DIT SAL BETER RAAK.

EK WEET DIT WAS MOEILIK VIR JOU, DAAROM
GAAN EK JOU VERWYS NA LIFELINE/CHILDLINE
EN DIE PEACE SENTRUM. HULLE KAN JOU MET
JOU TRAUMA HELP.



In die tussentyd het die polisie die saak ondersoek. Hulle het genoeg bewyse ingevorder om 'n klag teen Kauna se oom te lê.

Hy was gearresteer en borg is aan hom toegestaan. Mense wat gearresteer word kan ook op borg vrygelaat word. Dit beteken hy word toegelaat om uit die tronk te kom op voorwaarde dat hy nie die land sal verlaat nie of dat hy nie naby die staatsgetuie gaan nie. Gedurende hierdie tyd word die datum vir die volgende hof verskyning vasgestel.

*Trauma is n ernstige persoonlike en geestelike stres wat jy voel nadat jy iets verskriklik, soos verkragting, ervaar het.

Die polisie stuur dan 'n dossier ('n lêer oor Kauna se saak wat bewyse, verklarings, ens. bevat) aan die aanklaer vir hersiening.



MENEER, HIER IS DIE DOSSIER VIR
DIE KIND, KAUNA, SE SAAK.

DANKIE OFFISIER. EK SAL DIT
NAGAAN.

Die aanklaer is die prokureur wat bewyse in die hof aanbied om te wys dat 'n misdaad gepleeg is. Die staatsaanklaers werk vir die regering en is daar om die staatsgetuies of slagoffer te verteenwoordig in die kriminele saak teen die beskuldigde persoon. Die aanklaer is daar om die persoon te verteenwoordig in die kriminele saak teen die beskuldigde wat die wet verbreek het en iemand leed aangedoen het.

Die aanklaer verteenwoordig Kauna teen haar oom. Die aanklaer sal Kauna en haar ma help voordat die hof begin. Die aanklaer het Kauna se dossier nagegaan en was tevrede met die bewyse. Die aanklaer het besluit dat Kauna die mense in die hof moet vertel wat gebeur het.

Al hierdie dinge kan 'n paar maande neem.

Ndapewa het Kauna gehelp om haar voor te berei vir die hof. Die hof voorbereiding program bestaan uit 'n reeks van 10 sessies vir elke kind se getuie.



KAUNA, EK WIL HÊ JY MOET DIE AANKLAER ONTMOET. HY SAL JOU HELP WANNEER JY IN DIE HOF IS.

DIS 'N PLESIER OM JOU TE ONTMOET KAUNA. HOE GAAN DIT?

DIT GAAN GOED, DANKIE. DIS 'N PLESIER OM U TE ONTMOET MENEER.

Gedurende die hof voorbereiding verduidelik Ndapewa aan Kauna hoekom sy hof toe moet gaan. Ndapewa verduidelik ook wie almal in die hof is en wat in die hof sal gebeur. Sy verduidelik aan Kauna wat haar posisie is. Ten slotte verduidelik Ndapewa aan Kauna wat na die hof gebeur. Ndapewa sê ook vir Kauna dat sy daar sal wees op die dag wanneer Kauna getuig.

Twee weke voor die verhoor wys Ndapewa vir Kauna die binnekant van die hof. Ndapewa wou hê Kauna moet sien hoe die hof lyk. Ndapewa het ook die heeltid vir haar gewys hoe om te ontspan en hoe om haar senuweeagtigheid te beheer. Soos Ndapewa met Kauna gewerk het, het Kauna meer en meer vol selfvertroue geraak om hof toe te gaan. Haar vrese en bekommernisse oor hoe dit sal wees om hof toe te gaan, het verdwyn. Haar vrees om vreemdelinge in die hof te vertel wat gebeur het, het ook stadig verdwyn. Sy het ook na Lifeline/Childline en PEACE Centre gegaan vir berading.



DIT IS HOE 'N HOF LYK KAUNA. JOU OOM
HOEF NIE DAAR TE WEES WANNEER JY
GETUIG NIE. EN OMDAT JY MINDERJARIG
IS, IS DIE HOF NIE OOP VIR DIE PUBLIEK
NIE. SLEGS EK EN JOU MA SAL IN DIE HOF
TOEGELAAT WORD.



Magistraat

Getuie


Hofklerk

Prokureur vir die
verdediger

Aanklaer

Offisier van
die hof

Publiek



Terwyl Ndapewa met Kauna gewerk het, het sy ook in kontak gebly met die hof en die polisie. Nou is Kauna uiteindelik in die hof. Sy is senuweeagtig, maar nie bang nie.

Kauna is in 'n wagkamer. Sy wag vir haar beurt om die hof te vertel wat met haar gebeur het. Geen koerant, radio of televisie word toegelaat om in die hof te kom terwyl 'n kind se saak verhoor word nie. Soms sal die beskuldigde ook nie in die hof toegelaat word terwyl 'n minderjarige/getuie aan die hof vertel wat gebeur het. Dit is omdat kinders getraumatiseer word wanneer die media of beskuldigde in die hof is.

Op die dag van Kauna se saak word Kauna opgeroep na die getuiebank.



Daar word eers 'n paar basiese vrae gevra.

Daarna vra die aanklaer vir Kauna wat met haar gebeur het. Kauna vertel die mense binne die hof wat met haar gebeur het. Dit is wat ons noem "getuienis lewer." Om n getuienis te lewer beteken dat Kauna bewyse moet gee. Dit beteken ook dat sy aan die mense binne die hof moet vertel wat met haar gebeur het.

Kauna weet sy gaan vrae gevra word oor wat met haar gebeur het. Die aanklaer maak seker dat Kauna die vrae verstaan. Wanneer die aanklaer klaar is vra die prokureur vir die verdediger, wat Kauna se oom se prokureur is, haar ook 'n paar vrae oor wat gebeur het.



Te danke aan Kauna se ma se vinnige aanmelding van wat gebeur het en Kauna se getuienis, is daar genoeg bewyse aangebied in die hof en Kauna se oom is skuldig bevind. Hy is tot tronkstraf gevonnis sodat hy niemand anders kan seermaak.

Kauna is nou gelukkig, sy het vir haarself opgestaan en sy het gerapporteer wat met haar gebeur het. Selfs al sou sy verloor het, voel sy dat die feit dat sy dit wat gebeur het aange meld het en dat sy vir berading gegaan het, haar gehelp het. Dit het gehelp om haar te genees . Sy is nie meer bang nie. Sy kan aangaan met haar lewe.

Nadat Kauna haar getuienis gelever het

DANKIE KAUNA.
ONS IS SO TROTS OP JOU.



Wat van jou?
Wat as jy Kauna was?
Wat sou jy gedoen het?

ONTHOU

SOMS MAAK ANDER MENSE ONS FISIES EN EMOSIONEEL SEER.

Dit is belangrik vir jou om te weet dat as iemand jou seergemaak het, en jy voel hartseer, bang of ontsteld daaroor, **KAN JY ONMIDDELLIK IEMAND DAARVAN VERTEL.** Jy kan 'n vriend, 'n volwassene of 'n onderwyser vertel. Hulle sal seker maak dat die regte ding vir jou gedoen word. Daar is mense wat omgee. Jy kan met hulle praat. Hulle kan jou help.

MISHANDELING TEEN KINDERS EN JONGMENSE

Dit bestaan in baie vorms, byvoorbeeld:

FISIESE MISHANDELING

Wanneer iemand jou met hul hande of met 'n voorwerp ('n gordel, 'n stok) slaan, jou skud, klap of herhaaldelik skop.

VERWAARLOSING

Wanneer jou ouers of die persoon wat na jou omsien weier om vir jou kos te gee, weier om jou skool toe te laat gaan, weier om jou skoolfooie te betaal en weier om na jou om te sien wanneer jy siek is.

EMOSIONELE MISHANDELING

Wanneer jou ouers of enigiemand wat na jou omsien jou verskree, jou dom laat voel, jou beledig, jou vertel dat hulle wens jy was nooit gebore nie of jou laat voel dat jy niks werd is nie.

SEKSUELE MISHANDELING

Wanneer iemand jou privaatdele aanraak (jou barste, of die gedeelte onder jou mid-dellyf). Of wanneer 'n ouer persoon jou vra om hul privaatdele aan te raak en dit maak jou ongemaklik. Dit kan ook iemand wees

wat jou prente, tekeninge, videos wys van mense wat ander mense se privaatdele aanraak.

WAT IS DIE PROGRAM VIR DIE BESKERMING VAN KINDERS?

Die Program vir die Beskerming van Kinders dien kinder slagoffers en getuies onder die ouderdom van 18. Hierdie program is geskep om kinders te beskerm en om te reageer op insidente van geweld en dit te voorkom, asook om die uitbuiting en misbruik van kinders te voorkom. Dit help ook kinders wat onder geweld gelei het om die nagevolge van geweld te hanteer. Verder is mishandeling en geweld teen kinders in enige vorm onaanvaarbaar. Daarom streef die prograam daarna om die aanvaarding van geweld teenoor kinders te verminder. Die program streef ook daarna om die aanmelding van geweld teenoor kinders aan verwysingspunte soos die polisie stasie en die Eenheid vir die Beskerming van Vroue en Kinders, te vermeerder. Dit het ook ten doel om te verseker dat kinders wat onder geweld gelei het, kwaliteit diens ontvang.

Die Regshulpcentrum se Regseenheid vir Vigs (ALU) komponent fokus op die Kindergetuie Ondersteuningsprogram.

WAT IS DIE KINDERGE- TUIE ONDERSTEUNING- SPROGRAM?

Die meeste kinders is baie kwesbaar en nie in staat om 'n ingewikkelde kriminele regstelsel te hanteer nie. Kinders is vrees-bevange en bang en word maklik getraumatiseer deur die prosesse/prosedures van die sisteem. Dit is hoekom die Kindergetuie Ondersteuningsprogram geskep is. Die hof voorbereidingsprogram lig die kind in en staan die kind by ten einde die hof proses en hul rol in die proses, te verstaan. Dit, op sy beurt, help weer om die kind se angste en vrese te verminder. Kindergetuie Ondersteuningsbeamptes (CWSO) hanteer die hof voorbereiding. Die program help kinder slagoffers en getuies om hul getuie met die hof te deel sonder dat hulle getraumatiseer word. Die program berei kinders voor om getuie te lewer in kriminele howe. Daarbenewens beantwoord die program enige vrae wat 'n ouer, voog en die kind mag hê oor die regstelsel.

WAT DOEN DIE KINDER- GETUIE ONDERSTEUN- INGSBEAMPTTE?

Die CWSO ondersteun die kind deur:

- Die kind voor te berei vir die hof
- Ondersteuning en bystand te bied tydens enige stadium van die hof proses
- Die kind en familie op hoogte te hou van die saak

- Voor die verhoor afsprake te reël en by te woon met die aanklaer namens die kind
- Die kind na die hof te vergesel
- Die uitspraak te verduidelik
- Die gepasde verwysings te maak vir berading of sielkundige help.

Behalwe dit, ondersteun die CWSO ook die kind se ouers, voogde of versorger deur:

- Die ouers te help om die hof prosedures te verstaan
- Ouers te help om te verstaan wat met hul kinders gaan gebeur tydens die proses
- Ouers te help om die verskillende emosionele ervarings te verstaan wat beide hulle en hul kind sal deurgaen
- Ouers te adviseer oor hoe hulle hul kinders kan bystaan tydens hierdie proses
- Hulle te ontmoedig om van die saak te onttrek

HOE KAN JY IN KONTAK KOM MET 'N CWSO?

Dis belangrik dat 'n kind of jongmens so gou as moontlik nadat 'n klag teen 'n beweerde oortreder gelê is, na 'n CWSO verwys word, ongeag daarvan dat 'n besluit geneem is oor of die kind se saak hof toe geneem word of nie. Jy kan die polisiebeampte by die Eenheid vir die Beskerming van Vroue en Kinders vra om die kind van 'n CWSO te voorsien.

VIR MEER INLIGTING KAN JY DIE VOLGENDE KONTAK



REGSHULPSENTRUM REGSEENHEID VIR VIGS

Kinderbeskermingsprogram
4 Marien Ngouabi Street
Posbus 604
Windhoek, Namibië
Tel: (0)61 223 356
www.lac.org.na

Kinderbeskermingsprogram Kantore:

Windhoek - by die Eenheid vir die Beskerming van Vroue en Kinders
gebaseer
Selfoon nr: 0855518099

Rehoboth - gebaseer by ERF Nr. 55 Blok B
Selfoon nr: 0851491474

Rundu - gebaseer by die Eenheid vir die Beskerming van Vroue en Kinders, Rundu
Selfoon nr: 085124628



LIFELINE/CHILDLINE

45 Bismarck Straat
Posbus 5477
Windhoek, Namibië
Tel: Krisis lyn: 061 232 221
Tel: Kinder Hulplyn: 116 tolvry vanaf enige selfoon of landlyn
Tel: Kantoor: 061 – 224 339
www.childhelplineamibia.org



PEACE Sentrum

26 Rhino Straat
Posbus 59617, Bachbrecht
Windhoek, Namibië
Tel: 061 – 371 793
www.peace.org.na

